Padreels

Reels van die pad is noodsaaklik om te keer dat die paaie in Suid Afrika nie in totale chaos verval nie. Dit is ook belangrik dat jy die reels ken en te alle tye nakom. Vir my persoonlik is die belangrikste reel: "Wanneer jy in jou kar klim, dink vir elke persoon op die pad."

Daar is natuurlik uitsonderings wanneer 'n reel nie gehoorsaam moet word nie en dit is wanneer 'n padteken, verkeersbeampte, enige padbeampte of 'n polisieman vir jou 'n opdrag gee.

VOORBEELD: Jy ry in die dorp en daar is 'n robot wat vir jou wys dat jy moet stop. Daar is egter 'n verkeersbeampte wat vir jou wys dat jy moet ry. Dan moet jy ry. Hierdie beamptes is gewoonlik daar geplaas om verkeer te reguleer in buitengewone omstandighede soos bv as daar 'n ongeluk plaasgevind het. Hulle help dat die verkeer vloei en so min as moontlik ongemak veroorsaak.

ALGEMENE PADREELS

Bestuur aan die linkerkant van 'n twee-rigting pad – (Hierdie reel is die vernaamste padreel in Suid Afrika)

Jy mag aan die regterkant van 'n een-rigting pad bestuur indien dit veilig is

Hou altyd 'n veilige volgafstand van ten minste 2 sekondes agter ander padgebruikers. 'n Maklike manier om dit te toets is om te begin tel (een, een duisend, twee, tweeduisend) wanneer 'n voertuig voor jou 'n baken verbysteek. Jy mag nie daardie baken verbysteek voordat jy klaar getel het nie. Hierdie volgafstand moet verleng word na 3 sekondes in die geval van 'n swaar motorvoertuig. Ander omstandighede waar jy ook die volgafstand kan verleng is wanneer dit reen, jy deur mis of erge rookgebied beweeg, die pad nat en/of glyerig/glad is, jou voertuig swaar gelaai is of as jy vinnig ry – wat jy nie veronderstel is om te doen nie.

Moet nie 'n ryvlak of verkeerslaan binnegaan of kruis as jy 'n obstruksie of gevaarlike situasie gaan veroorsaak nie.

Jy mag nooit 'n aksie uitvoer wat verkeersvloei verhinder of versperring veroorsaak of ander padverbruikers in gevaar stel nie.

Jou voertuig moet gesertifiseer wees en die lisensieskyf (12 maande geldig) moet te alle tye opsigtelik vertoon wees.

SPOEDGRENSE

Die volgende spoedgrense is altyd van toepassing – tensy anders aangedui op 'n padteken.

In stedelike gebiede (dit sluit plattelandse dorpies in) is die spoedgrens 60 km/h. Jy kan egter groter versigtigheid aan die dag le as jy in woongebiede ry waar klein kindertjies sonder waarskuwing oor die pad kan hardloop.

Landelike en Nasionale paaie se spoedgrens is 100 km/h

Hoofpaaie of snelwee is 120 km/h. Onthou om altyd jou spoed hier aan te pas om in te val met mense wat reeds op die snelweg beweeg. Indien jy hier te stadig ry, kan jy obstruksie en gevaarlike situasies veroorsaak.

Voertuie groter as 9000kg mag nie vinniger as 80 km/h ry nie. Minibusse en busse met passasiers mag nie 100 km/h oorskrei nie.

GESKEIDE PAAIE

Soliede Streep

'n Soliede streep en mag onder GEEN omstandighede gekruis word nie.

Jy mag maw nie motors verbysteek nie.

Gebroke Strepe

Wanneer jy hierdie strepe op die pad teekom beteken dit dat, as jy aan die kant van die gebroke strepe ry, jy ander voertuie hier kan verbysteek INDIEN DIT VEILIG IS.

Gebroke Streep tussen Soliede lyne

Hierdie strepe wys padgebruikers dat GEEN voertuie daar verby mag steek nie.

Padskouers

Padskouers word gewoonlik aangedui deur 'n soliede geel streep op die buitenste laan en 'n wit streep op die binneste laan van 'n dubbelpad.

Onder normale omstandighede mag jy nie op die skouer van die pad ry nie.

Uitsonderings:

1.As dit 'n enkelpad is

2.As dit daglig ure is en jy ten minste 150m voor jou kan sien. MAW, jy moet 'n duidelike gesigsveld he

3.As daar geen risiko gaan wees en/of as jy nie 'n gevaar situasie of obstruksie gaan veroorsaak nie

---

Verbysteek

HOU ALTYD SUID AFRIKA SE VERNAAMSTE REEL IN GEDAGTE: HOU LINKS EN GAAN REGS VERBY

Jy mag ander voertuie hier verbysteek SLEGS as daar geen risiko vir jou en ander padverbruikers gaan wees nie.

Jy mag nie verbysteek:

waar padtekens en padmerke aandui dat jy dit nie mag doen nie

indien jy aankomende verkeer in gevaar stel nie

wanneer jou gesigsveld belemmer word soos bv by ‘n draai of wanneer jy ‘n hoogte nader

by ‘n voetoorgang in die pad nie

Wees altyd op die uitkyk vir:

passasiers wat op- en afklim by ‘n bus of minibus. Ry altyd stadig verby stilstaande minitaxies en busse.

aankomende verkeer in slegte weersomstandighede of wanneer jy deur ‘n digte rook/mis area ry.

Wanneer jy ander voertuie verbysteek:

wees altyd op die uitkyk vir aankomende verkeer

steek altyd aan regterkant verby en handhaaf ‘n veilige afstand

MOENIE die ander voertuig afsny wanneer jy terugkeer na die linkerkant van die pad nie. MAW, moenie te vinnig terugkeer nie.

MOENIE die spoedgrens oorskry terwyl jy ‘n ander voertuig verbysteek nie.

Jy mag slegs voertuie aan die linkerkant verbysteek wanneer:

jy op ‘n eenrigtingpad ry

jy ‘n opdrag ontvang van ‘n verkeersbeampte

waar die pad breed genoeg is vir meer as een baan verkeer in dieselfde rigting

wanneer die voertuig voor jou regs gaan draai en daar spasie vir jou is om die voertuig verby te steek. Maak ook altyd seker van aankomende verkeer veral by ‘n vierrigting stop.

Verkeersbane

Jy moet altyd in die baan bly waarin jy is tensy jy van baan moet verander om te draai of ‘n ander voertuig verby te steek.

Moet nooit oor twee bane op een slag ry nie.

Bestuurseine

Bestuurseine is baie belangrik. Jy moet altyd ander padverbruikers waarsku oor aksies wat jy gaan uitvoer soos stop, draai of van bane te verwissel.

Seine moet altyd vroeg genoeg gegee word – sodat ander padverbruikers kans kan kry om te reageer.

Onthou om die rigtingwyser af te skakel wanneer jy klaar gedraai het of van baan verwissel het

Jy mag handseine gebruik – handseine mag egter NIE OP HOOFPAAIE EN/OF DEURPAAIE GEBRUIK WORD NIE.

Onthou altyd – as jy van baan verwissel om:

In jou spieeltjies te kyk sowel as blindekolle

Die rigtingwyser vroegtydig aan te skakel

Voor jy van baan verwissel ‘n laaste keer blindekolle na te gaan om seker te maak dat daar genoeg spasie vir jou voertuig is.

Padkruisings

Om te bestuur vereis dat jy die heeltyd vooruit moet weet wat jy gaan doen, daarom maak dit net sin dat jy vroeg genoeg weet of jy reguit gaan aanbeweeg en of gaan jy links/regs draai.

Wanneer jy ‘n padkruising nader (maak nie saak of dit ‘n vierrigting, sirkel, robot of T-aansluiting is nie) moet jy altyd spoed verminder en dan enige padtekens, verkeersopdragte of padmerke gehoorsaam. Onthou om nooit ‘n padkruising binne te gaan as jy ‘n obstruksie of gevaar gaan veroorsaak nie.

Hoe om links te draai:

1.Skakel jou rigtingwyser vroeg genoeg aan

2.Hou links of beweeg in die linker draai baan in volgends die padtekens.

3.Pas jou snelheid aan volgens die pad waarin jy draai.

Hoe om regs te draai:

1.Skakel rigtingwyser vroeg genoeg aan

2.Beweeg so ver regs as wat jy moontlik kan of tot in die middel van die pad of in die regs draai baan in volgens die padtekens – onthou om nie ‘n obstruksie te veroorsaak nie

3.Gee ry voorrang aan verkeer wat van voor af kom (robot) en wag vir ‘n veilige gaping voordat jy draai

4.Laat voertuie agter jou aan die linkerkant verbygaan

5.Moet nie regs draai voor jy die kruispadmiddellyn oorsteek nie. MAW – moet nie die hoek sny nie

Verkeersirkels

1.Gee altyd toe na regs. MAW motors aan jou regterkant kry altyd ry voorrang en natuurlik ook voertuie wat reeds in die sirkel is.

2.By ‘n minisirkel gee jy altyd voorrang aan voertuie wat enige toegeestreep voor jou kruis.

DEURPAAIE

Die volgende word nie op deurpaaie toegelaat nie (Baie belangrik)

1.Motorfietse met enjinkapasiteit kleiner as 50cc

2.Dier-aangedrewe voertuie

3.Handseine – behalwe in noodgevalle

4.Elektries aangedrewe motorfietse

5.Trekkers

6.Vierwiel en driewiel motorfietse

7.Voertuie kleiner as 230kg vir gestremde persone

8.Fietse

9.Voetgangers – tensy hulle moet stilhou vir redes buite hulle beheer

10.Loslopende diere – MAW diere wat nie in ‘n voertuig is of in ‘n geallokeerde stilhou- of parkeerarea is nie, word nie op deurpaaie toegelaat nie

Jy mag slegs jou voertuig op ‘n deurpad stilhou as:

1.jy dit in opdrag van ‘n verkeersbeampte of padteken doen

2.jy stilhou in ‘n aangewysde stilhou area

3.jy ‘n noodsituasie buite jou beheer ondervind

UITSONDERING: BOGENOEMDE REELS GELD NIE VIR INSTANDHOUDING- OF KONSTRUKSIE WERKERS, BEAMPTES OF NOODGROEPE WANNEER HULLE HUL PLIGTE UITVOER NIE.

As jy op ‘n deurpad bestuur en ‘n motor agter jou flikker sy ligte om vir jou te wys dat hy wil verbykom, moet jy jou rigtingaanwyser aanskakel en na die linkerbaan beweeg indien dit veilig is.

VOETOORGANGE

1.Verminder ALTYD jou snelheid wanneer jy ‘n voetoorgang nader. Jy moet stilhou vir enige voetgangers aan die linkerkant wat die pad wil kruis of wat besig is om die pad te kruis.

2.Moet nooit voertuie wat by ‘n voetoorgang stilgehou het, verbysteek nie!

3.Voetgangers mag die pad net by ‘n voetoorgang kruis of ten minste 50m vanaf die voetoorgang

4.By ‘n verkeerslig moet die voetgangers die seine van die verkeerslig gehoorsaam

5.Voetgangers moet voertuie kans gee om snelheid te verminder MAW: hulle mag nie net skielik die pad betree sonder om seker te maak van hulle eie veiligheid nie

---

STILHOU EN PARKERING

Jy mag nie met jou voertuig op die pad stilhou tensy:

1.jy ‘n opdrag van ‘n verkeersbeampte ontvang om ‘n padteken aandui dat jy moet stilhou nie

2.voetgangers of diere besig om die pad te kruis en ook wanneer ‘n veewagter diere aanjaag

3.jy ‘n botsing wil vermy

4.iets buite jou beheer gebeur

Indien jy jou voertuig parkeer, mag dit nie die vloei van verkeer belemmer, gevaar vir ander padgebruikers inhou of ‘n obstruksie tydens ‘n reddingsoperasie veroorsaak nie. – Let hier veral waar jy nie voor ‘n brandweerkraan mag parkeer nie.

Geen parkering geld in alle geen-stilhou areas soos volg:

1.Enige plek waar dit deur ‘n verkeersbeampte of padteken verbied word

2.Naby padwerke of enige obstruksie waar jy die vloei van verkeer sal belemmer

3.Aan die regterkand van die pad in die teenoorgestelde rigting van aankomende verkeer MAW jy kan nie met jou voertuig se neus na aankomende verkeer parkeer nie

4.Op ‘n deurpad

5.Op ‘n geverfde eiland

6.Binne ‘n spoorweggereserfeerde terrein op ‘n gelyke kruising

7.Langs ‘n ander voertuig in ‘n pad wat minder as 9m wyd is

8.Binne 1m vanaf die rand van die pad in stedelike areas

9.Binne 1,5m vanaf ‘n brandkraan (Baie belangrik)

10.Op of nader as 6m vanaf enige vernouing in die pad, brug, tonnel of duikweg

11.Binne 9m vanaf ‘n voetoorgang

12.Enige parkeerarea wat toegeken is vir n spesifieke voertuigtipe klas anders as jou motorvoertuig. MAW as die stilhouplek gereserveer is vir busse en jy bestuur ‘n ligte voertuig, mag jy nie daar parkeer nie.

13.Op ‘n sypaadjie, tensy die voertuig vir besigheidsdoeleindes aangewend word

14.Wandelpaaie of lanings

15.Enige plek wat obstruksie voor ‘n padteken veroorsaak

16.Oor die aktiveringsmeganisme van ‘n verkeerslig

17.Binne 5m van ‘n padkruising in stedelike areas

18.Op ‘n TWEE-RIGTING pad wat minder as 5,5m wyd is

19.Nader as 450mm met jou wiele aan die sypaadjie – tensy ‘n padteken dit toelaat.

SLEEP VAN VOERTUIE

Wanneer jy ‘n voertuig sleep mag:

1.die afstand tussen die voertuie nie 3.5m oorskry nie

2.jy slegs vinniger as 30km/h ry AS JY ‘N SOLIEDE SLEEPSTANG GEBRUIK. Maw – in enige ander geval mag jy nie vinniger as 30km/h ry nie

3.gesleepte voertuie wat pasassiers bevat mag nie vinniger as 30km/h gesleep word nie tensy dit ‘n semi-sleepwa is.

As die gesleepte voertuig se remme onbetroubaar is, moet dit deur ‘n soliede sleepstang gesleep word. ‘n Gesleepte voertuig mag slegs deur ‘n gelisensieerde bestuurder beheer word, tensy die voorwiele van die grond gelig is deur ‘n vaste sleep toestel.

BAIE BELANGRIK – MOTORFIETSE (INSLUITEND DRIEWIEL EN VIERWIEL MOTORFIETSE) MAG NIE GEBRUIK WORD OM ANDER VOERTUIE TE SLEEP NIE

LIGTE

BAIE BELANGRIK – MOTORFIETSE SE KOPLIGTE MOET TE ALLE TYE AANGESKAKEL WEES

Ligte en swaar motorvoertuie moet hulle kopligte tussen sonsonder en sonop aangeskake. Wanneer sigbaarheid beperk is – soos in reen, rook en mis en jy nie vir ten minste 150m voor jou voertuig kan sien nie, moet die kopligte ook aangeskakel wees.

Hoofstrale moet voorwerpe van minstens 100m ver verlig en gedompte ligte ten minste 45m. Moet nooit hoofstraalligte gebruik as daar aankomende verkeer is nie.

Parkeerligte moet aangeskakel wees tussen sonsonder en sonop wanneer u op 'n publieke pad geparkeer is.

Noodligte moet gebruik word indien jou posisie van jou geparkeerde voertuig 'n gevaar vir ander padgebruikers kan inhou EN/OF wanneer jy jouself in 'n noodsituasie bevind

Verstelbare kolligte mag slegs geinstalleer en gebruik word deur amptelike voertuie, veeartse, dokters en insleepvoertuie.

GEBRUIK VAN TOETER

Dit is altyd belangrik om te onthou dat 'n toeter gebruik moet word as 'n waarskuwingstoestel. Moet dit nie gebruik om aandag te trek of om onnodig lawaai te maak nie. Die toeter se toon mag ook nie varieer nie. Moet dus nie 'n toeter gebruik wat een of ander deuntjie het nie.

VOERTUIE WAT LAWAAI

Jou voertuig mag nie buitesporig lawaai nie. Daarom moet jy nie oormatige lawaaierige bybehore installeer nie. Onthou om ander bestuurders te alle tye te konsidereer

---

DWELMMIDDELS EN ALKOHOL

BAIE BELANGRIK – JY MAG NIE AGTER 'N STUURWIEL INSKUIF INDIEN JY ONDER DIE INVLOED VAN ALKOHOL OF ENIGE NARKOTIESE DWELMMIDDEL IS NIE!!!!

Dit is teen die wet om 'n bloed of asemverklikker toets te weier as 'n beampte jou beveel om een te neem.

Die wettige ASEM alkoholvlak is 0.24mg/1000ml. Professionele bestuurders se wettige ASEM alkoholvlak is 0.1mg/1000ml.

Die wettige BLOED alkoholvlak is 0.05mg/100ml. Professionele bestuurders se wettige BLOED alkoholvlak is o.02mg/100ml.

NOODDRIEHOEKE

Alle kommersieele voertuie, sleepwaens en karavane moet ‘n rooi nooddriehoek he wat hulle in noodsituasies moet gebruik.

Die driehoek moet 45m agter die voertuig wat op ‘n publieke pad stilstaan, geplaas word sodat verkeer wat aankom voortydig gewaarsku word.

RENJAERY EN SPORT OP PUBLIEKE PAAIE

Renjaery, spoedtoetse en sport byeenkomste mag slegs op publieke paai aangebied word met die toestemming van ‘n provinsiale LUK of relevante, gemagtigde plaaslike owerheid.

GEMAGTIGDE GEBRUIK VAN VOERTUIE

Jy mag slegs ‘n voertuig bestuur, okkupeer of daaraan peuter met die toestemming van die eienaar.

Jy mag onder geen omstandighede die enjin of onderstelnommer van ‘n voertuig verander sonder GESKREWE TOESTEMMING VAN DIE REGISTRASIEOWERHEID nie. Dit is onwettig en jy kan vervolg word.

VERLATE VOERTUIE

‘n Voertuig is verlate wanneer:

dit in ‘n geen-stilhou of geen-parkeer area geparkeer is

dit in so ‘n manier geparkeer is dat dit die vloei van verkeer belemmer en/of ander padgebruikers in gevaar stel

dit op ‘n publieke pad in ‘n stedelike area of by ‘n toetsstasie vir langer as 7 dae gelaat word

dit vir langer as 24 uur op ‘n publieke pad buite ‘n stedelike area geparkeer is

dit op ‘n publieke pad gelaat word sonder registrasienommer of vervalste registrasienommer of wanneer daar geen definitiewe manier is om die eienaar op te spoor nie

---

BANDE

Alle bande moet te alle tye in ‘n goeie toestand wees. Die loopvlakpatroon mag nooit minder as 1mm diep wees nie.

Motorfieste kleiner as 125cc moet die loopvlak op ten minste 80% van die band sigbaar wees

Wande van bande mag nie beskadig of gesny wees nie. Die koorde (drade) van bande mag nie sigbaar wees nie.

Bande mag nie skade aan die pad veroorsaak of ander padgebruikers in gevaar stel nie.

Motorfietse mag nie versoolde bande laat opsit nie.

PASSASIERS

Een volwassene word per 38cm sitplespasie toegelaat om in ‘n voertuig vervoer te word.

Kinder passasiers tot en met 6 jaar – 2 per 28cm sitplekspasie

Kinder pasassiers tot en met 12 jaar – 3 per 76cm sitplekspasie

Wanneer passasiers agter op ‘n vragmotor of voervoerwa vervoer word, moet die mure (kante) van die bak vir sittende passasiers 35cm or hoer wees en vir staande passasiers, 90cm of hoer.

SITPLEKGORDELS

Alle persone binne ‘n voertuig moet te alle tye hul sitplegordels dra. Slegs die bestuurder hoef nie syne te dra wanneer hy besig is om in trurat te bestuur nie.

‘n Passasier mag nie in ‘n sitplek sonder ‘n veiligheidsgordel gaan sit as daar ‘n sitplek met ‘n veiligheidsgordel beskikbaar is nie.

Kinders, jonger as 14, moet agter sit as daar nie ‘n veiligheidsgordel voor beskikbaar is nie.

Voertuie sonder veiligheidsgordels mag nie op publieke paaie bestuur word nie.

KONVOOIE

Voertuie mag nie vanaf 6 uur die vorige aand tot 6 uur die volgende oggend op die volende dae in konvooie ry nie:

Naweke

Langnaweke

Kersdag

Dag na Kersdag (Gesinsdag)

DIERE OP PAAIE

Diere op publieke paaie moet deur twee mense vergesel word. Een 150m voor en een 150m agter die trop. In die dag moet die persone ‘n rooi waarskuwingsvlag he en in die aand ‘n lig.